Sonder verwysings

# ,Oorloggie' oor Silbersteins vind weerklank by S.A.V.F.

(Pretoriase Redaksie)

**DIE „oorloggie" wat die Hertzogprysboek „Sewe Dae by die Silbersteins" van Etienne Leroux ontketen het, vind vandag weerklank by die kwartaallikse hoofbestuurvergadering van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie in Pretoria.**

„Ons sal beslis die saak bespreek en 'n beslissing daaroor neem," het mev. J. M. Raath, presidente van die S.A.V.F. vanoggend voor die aanvang van die vergadering gesê en bygevoeg: „Of daar 'n persverklaring oor ons besluite vrygestel sal word, weet ons nie."

● 'n Verklaring oor die redes waarom die omstrede boek „Sewe dae by die Silbersteins" vanjaar met die Hertzogprys bekroon is, word moreoggend deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns uitgereik.

Na verneem word, sal dit slegs 'n motivering vir die Akademie se keuse wees en sal daar geen kommentaar gelewer word oor die bespreking wat gister op die huishoudelike algemene vergadering van die Akademie in Pretoria gevoer is oor die boek van Entienne Leroux nie.

Die redes vir die toekenning van pryse aan ande rboeke gedurende die jaar sal ook in die verklaring vervat word.